

Maximus kry in 4 uur 'n titaan-snoet

2011-05-26 21:47

Seugnet Esterhuysse

In 'n vier uur lange operasie het dr. Gerhard Steenkamp van die fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort, Pretoria, die hond Maximus se snoet gister stelselmatig herbou.

Drie titaanplaatjies is daarvoor gebruik.

Met een van die plaatjies is 'n boog gevorm en die ander twee is gebruik om dit te stabiliseer.

“Dié struktuur sal die nodige beskerming bied. Dis heel toevallig dat Maximus nou so 'n bietjie beter sal lyk ook,” het Steenkamp gesê.

Hy het laggend bygevoeg dat Maximus ná die operasie soos 'n rob of sjarpei-hond met 'n definitiewe bulhond-onderkaak sal lyk.

Steenkamp het benadruk dat dit nie oor die uiterlike gaan nie, maar wel oor beskerming.

Dit was nie nodig om vel of weefsel tydens die operasie te verwyder nie.

Maximus se gesig is vooraf behoorlik gewas, geskeer en gesteriliseer.

“Ek is baie verlig,” het Steenkamp kort na dié operasie, die eerste in dié soort wat hy uitgevoer het, gesê.

'n Dreineringspyp, vasgewerk aan Maximus se rug, sal die volgende paar dae bloed uit die wond dreineer sodat 'n bloedklont nie onder die weefsel kan vorm nie.

Maximus sal pynstillers en antibiotikum kry. “Hy sal dopgehou word om te bepaal of die pynstillers genoeg is.”

Oplosbare steke is in die operasie gebruik.

Maximus sou volgens Steenkamp al gisteraand aan 'n bord kos kon weglê.

Maximus sal in die waakeenheid by fakulteit se akademiese hospitaal aansterk tot Maandag, waarna hy na die dierewelsynorganisasie Wetnose sal terugkeer.

Steenkamp sal hom in die volgende drie weke nog sien, waarna hy reg sal wees sodat iemand hom by Wetnose kan aanneem.



Dr. Gerhard Steenkamp sit gister die laaste steke in tydens sy operasie om vir Maximus 'n nuwe snoet op te bou. Foto: Nelius Rademan

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

Volgens Steenkamp genees vel binne 'n week. Maximus se hare sal mettertyd teruggroei.

Mnr. Werner Appel het die snoetlose Maximus (4), 'n Duitse herdershond-kruising, en vermoedelik dié se broer op 23 April na Wetnose gebring.

Die hele voorste punt van Maximus se snoet, tesame met sy voorste sny- en slagande, was weg.

Die beelde van 'n skandering wat Steenkamp op 4 Mei geneem het, het op fisieke trauma gedui.

Dr. Gerhard Steenkamp sit gister die laaste steke in tydens sy operasie om vir Maximus 'n nuwe snoet op te bou. Foto's: nelius rademan